# 31 Dae van gebed vir jou kinders

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1. BEKERING**<br>Here, draai my kinders van die duisternis na die Lig, sodat hulle sondes vergewe kan word, en hulle deel van God koningkryk kan wees.<br>(Hand 26:18) | **2. VREUGDE**<br>Here, mag my kinders beskerming by U kom soek, sodat hulle U vreugde mag ervaar.<br>(Ps 5:12) | **3. VRIENDSKAP**<br>Here, omring my kinders met wyse en goeie vriend wat U volg.<br>(Spr 27:17) | **4. LEIDING**<br>Here, wys my kinders U weë, leer hulle die pad, en lei hulle in die waarheid. (Ps 25:4) | **5. VEILIGHEID**<br>Here, beskerm my kinders teen gewaar. Hou oor hulle kom en gaan die wag, nou en tot in ewigheid.<br>(Ps 121:7-8) | **6. GEESTELIKE GROEI**<br>Here, laat my kinders daagliks groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.<br>(2 Pet 3:18) | **7. WYSHEID**<br>Here, vul my kinders met die kennis van U wil deur wysheid, en mag hulle U behaag in alles wat hulle doen.<br>(Kol 1:9-10) |
| **8. DANKBAARHEID**<br>Here, leer my kinders om in alle omstandighede dankbaar te wees.<br>(1 Tess 5:8) | **9. VERHOUDINGS**<br>Here, mag my kinders in alles wat hulle doen, Jesus se woorde onthou: Doen aan ander soos jy aan jouself gedoen wil hê.<br>(Matt 7:12) | **10. YWER**<br>Here, laat my kinders alles wat hulle doen met hulle hele hart doen, asof hulle dit vir U doen en nie vir mense nie. (Kol 3:23) | **11. BYBEL**<br>Here, help my kinders om lief te wees vir U Woord, en dat U Woord hulle sal help om regte besluite te neem.<br>(Ps 1:1-3) | **12. LEERBARE GEES**<br>Here, help my kinders om 'n leerbare gees te hê, om na raad te luister en bereid te wees om reggehelp te word. (Spr 19:20) | **13. VRIENDELIKHEID**<br>Here, help my kinders met dit wat by hulle mond uitkom, dat dit goed en opbouend sal wees, en ander nie sal afbreek en seermaak nie. (Ef 4:29) | **14. EERLIKHEID**<br>Here, leer my kinders om die waarheid te praat, en ook in die waarheid te wandel in alles wat hulle doen.<br>(Ps 34:12-15) |
| **15. LEERGIERIGHEID**<br>Here, leer my kinders om leergierig te wees, goed ingelig t.o.v. belangrike dinge, en diensbaar in U Koninkryk. (Dan 1:4) | **16. RESPEK**<br>Here, leer my kinders om ander mense te respekteer, hulle medemens lief te hê, en U te vrees. (1 Pet 2:17) | **17. GROEI**<br>Here, laat my kinders verstandelik en liggaamlik groei, en in guns by U en die mense kom. (Luk 2:52) | **18. NEDERIGHEID**<br>Here, leer my kinders om nederig en geduldig te wees, en om ander mense met liefde te hanteer. (Ef 4:2) | **19. MOED**<br>Here, leer my kinders om sterk en vasberade te wees, nie bang vir dit wat U van hulle verwag nie, omdat U met hulle is, waar hulle ookal gaan. (Jos 1:9) | **20. GESONDHEID**<br>Here, seën asb. my kinders met goeie fisiese en geestelike gesondheid. (3 Joh 2) | **21. GEBEDSGEES**<br>Here, leer my kinders om hoop in alle omstandighede te hê, en in gebed te volhard in goeie en in slegte tye.<br>(Rom 12:12) |
| **22. VERTROUE**<br>Here, leer my kinders om in alle omstandighede op U te vertrou en nie op hulle eie wysheid nie.<br>(Spr 3:5) | **23. BESKERMING**<br>Here, sprei U beskerming oor my kinders en omring hulle met guns soos 'n skild<br>(Ps 5:13) | **24. HOUDING**<br>Here, leer my kinders om dit wat hulle doen sonder kla en teëpraat te doen. (Fil 2:14) | **25. VERSOEKINGS**<br>Here, beskerm my kinders teen die lokvalle van drank, dwelms, seks en enige iets anders wat verkeerd is in U oë.<br>(Ps 141:9) | **26. KEUSES**<br>Here, help my kinders om met hulle keuses ligdraers vir U te wees.<br>(Fil 2:13) | **27. SELFDISSIPLINE**<br>Here, help my kinders om na wysheid, dissipline te streef. Laat hulle vreugde vir ons as familie bring.<br>(Spr 23:23-24) | **28. SELFBEELD**<br>Here, help my kinders om te verstaan dat U hulle wonderlik gemaak het, en dat hulle baie kosbaar vir U is.<br>(Ps 139:14) |
| **29. LIEFDE**<br>Here, help my kinders om ander so lief te hê dat die wêreld sal weet dat hulle aan U behoort. (Joh 13:35) | **30. OUERS**<br>Here, leer my kinders om ons te eer en te gehoorsaam, want dan sal U seën op hulle rus.<br>(Ef 6:1-3) | **31. SëENINGE**<br>Here, seën en beskerm my kinders, kom tot hulle redding, wees hulle genadig, verhoor hulle gebede en gee aan hulle U vrede.<br>(Num 6:24-26**)** | | | | |